**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

**Appèlnr. : A229/2004**

In die appèl tussen:-

**GRATITUDE THABO THEKISO** Appellant

en

**DIE STAAT** Respondent

---

**CORAM:** MALHERBE RP *et* VAN COPPENHAGEN R

---

**AANGEHOOR OP:** 10 OKTOBER 2005

---

**UITSPRAAK DEUR:** VAN COPPENHAGEN R

---

**GELEWER OP:** 27 OKTOBER 2005

---

[1] Die appellant, 'n 22 jarige jongman van Excelsior, het in die streekhof vir die Vrystaat met sitting in Excelsior, tereggestaan op 'n klagte van verkragting.

[2] Op die klagte dat hy op 4 Februarie 2002 ene D.A. Mogorosi, 'n volwasse vrou, in Excelsior verkrag het, het hy op 5 November 2002 onskuldig gepleit.

Hy was egter op 5 Februarie 2003 aan die ten laste gelegde oortreding skuldig bevind en op 8 Julie 2003 tot 8 (agt) jaar gevangenisstraf gevonnis.

Teen die skuldigbevinding en die opgelegde vonnis kom appellant nou in hoër beroep.

[3] Die klaagster se weergawe, in kort, was dat appellant met wie sy vroeër ‘n intieme liefdesverhouding gehad het, haar verkrag het, terwyl appellant getuig het dat hy met klaagster, met wie hy steeds nog ‘n intieme liefdesverhouding het, konsensuele omgang gehad het.

[4] Inherent aan die verhoorhof se gevolgtrekking, dit wil sê dat appellant wel skuldig is, is die aanvaarding van die klaagster se weergawe van gebeure en die verwerping van appellant se getuienis.

Dit is dan ‘n besonder gemelde gevolgtrekking wat op appèl aan die orde is.

Die verhoorlanddros verwoord die basis van sy feitlike bevindings en gevolgtrekkings daaruit as volg:

> "Based on the aforesaid, the court is satisfied that the complainant's version is the more probable one ........"

[5] In 'n strafsaak waar die beskuldigde getuienis aanbied, is die toets nie of die waarskynlikhede die weergawe van die staatsgetuies begunstig nie, maar of die Staat bo redelike twyfel die pleging van die misdaad bewys het deur, onder andere ook te oortuig dat die getuienis van die beskuldigde vals is bo redelike twyfel. (**S v VAN ASWEGEN** 2001 (2) SASV 97 (HHA) par. [8] p. 101.)

[6] By oorweging van getuienis word geverg dat alle getuienis in totaliteit oorweeg word. (**S v VAN DER MEYDEN** 1999 (1) SASV 447 (W) te 449 H – 450 B en **S v TRAINOR** 2003 (1) SASV 35 (HHA) par. [8] en [9] te p. 40 – 41.) Die beoordelaar van die getuienis mag nie gebreke in die getuienis van 'n getuie onderbeklemtoon en die gebreke in die getuienis van 'n ander getuie oorbeklemtoon nie.

[7] Ten aansien van die verkragting was klaagster 'n enkelgetuie en sal 'n skuldigbevinding op grond van 'n enkelgetuie se getuienis slegs kan volg indien dit wesenlik bevredigend in elke materiële opsig is of as daarvoor stawing te vinde is. (**S v GANIE AND OTHERS** 1967 (4) SA 203 N – 206 H en **S v HLONGWA** 1991 (1) SASV 583 (AA).)

[8] Klaagster het getuig van 'n aanval op haar deur appellant voor en tydens die beweerde verkragting wat uit klappe, vuishoue en 'n enkele skop met 'n geskoende voet bestaan het. Die aanval, so het sy getuig, het haar "swak en sonder krag" gelaat.

Volgens klaagster het sy aan die medikus, wat haar die volgende dag ondersoek het, net die swelsel op haar kop uitgewys.

Op waarskynlikhede sou die geweldige en volgehoue aanranding wel meerdere beserings tot gevolg gehad het, 'n afleiding wat genoegsame grond is dat klaagster se getuienis dus met versigtigheid benader moet word. (**S v GENTLE**

2005 (1) SASV 420 (HHA) te par. [17] p. 430.)

[9] Die landdros poog om stawing vir die klaagster, dat sy verkrag was, te vind in die getuienis van die staatsgetuies Mabitle en Rosina. Die landdros verduidelik:

> "Complainant's evidence is corroborated firstly by Pastor Mabitle and Rosina to the effect that complainant mentioned immediately after she had left the accused house that she had been raped by the accused."

Cloete AR verduidelik in **S v GENTLE** 2005 (1) SASV 420 (HHA) par. [18] te 430 I – 431 C wat stawing is in gevalle soos die onderhawige as volg:

> "It must be emphasised immediately that by corroboration is meant other evidence which supports the evidence of complainant, and which renders the evidence of accused less probable, *on the issues in dispute* (cf *R v W* 1949 (3) SA 772 (A) at 778-9). If the evidence of the complainant differs in significant detail from the evidence of other State witnesses, the Court must critically examine the differences with a view to establish whether the complainant's evidence is reliable. But the fact that the complainant's evidence accords with the evidence of other State witnesses on the issues not in dispute does not provide

corroboration."

Klaagster se rapport aan Pastor Mabitle en Rosina dien dus nie as stawing vir haar getuienis dat sy verkrag was nie.

Dit is ook ironies dat klaagster nie aan Rosina, die eerste persoon wat sy na die gebeure gesien het, vertel het dat sy verkrag was nie. Trouens, klaagster het op pertinente vrae van Rosina geen antwoord waaruit afgelei kan word dat sy verkrag was, verskaf nie.

[10] Stawing vir klaagster se getuienis dat sy aangerand is, is wel in 'n mate te vinde in die letsels waarvan sy getuig het en deur die medikus as "soft tissue injury on the face and ??? the head" aangemerk was. Gemelde stawing word egter verdag wanneer die getuienis van Rosina aangaande haar waarnemings en klaagster se mededelings aan haar, ook inaggeneem word.

Rosina het getuig dat sy, nadat die rapport aan die pastoor gemaak was, grond (soil) aan klaagster se bo-deel en broek

opgemerk het en dat klaagster as verduideliking daarvoor aangegee het dat appellant haar op die grond gesleep of getrek het. Rosina het ook getuig van 'n skaafmerk aan klaagster se arm.

Dit is gemeensaak dat die omgang en die beweerde aanranding in die slaapkamer by appellant se woning plaasgevind het. Daar kon en was dus nie sprake van enige "gesleep" of "getrek" op grond buite die woning nie.

Die landdros verwerp Rosina se getuienis in verband met die grond op die klere en die verduideliking deur klaagster gegee en voer 'n sirkelargument aan dat dit nie waar kan wees nie, omdat klaagster daaroor sou getuig het as dit so was. Die vraag was juis waarom sou Rosina oor gemelde aspek 'n leuen vertel en as Rosina nie oor gemelde aspek 'n leuen vertel het nie, waarom het die klaagster die leuen aan Rosina vertel?

Belangrik egter is, dat as klaagster wel grond of stof aan haar klere gehad het en die arm 'n skaafwond gehad het,

omdat sy op die grond gesleep was, moes sy dit opgedoen het op 'n ander plek en wyse as tydens die beweerde verkragting in appellant se slaapkamer.

Die swelsel op klaagster se kop en weefselbesering op die gesig is dus op voormelde vooropstelling ook nie werklike stawing van die beweerde aanranding nie.

[10] Die getuienis deur appellant gelewer, is egter ook nie onbesproke nie.

Op verskeie vrae wat tot die wese van appellant se weergawe gedring het, het appellant totaal onsinnige antwoorde gegee. Op verdere vrae wat op onwaarskynlikhede van appellant se getuienis kon dui, is ook ontwykende antwoorde verskaf.

Benewens die voorafgaande het appellant ook 'n storie wat nooit aan klaagster gestel was nie, die sogenaamde liefdesboeke, gefrabiseer.

[11] Cloete AR se waarskuwing in **S v GENTLE** *supra* par. [30] p.

434 is in die onderhawige wel van toepassing:

> "The natural sympathy which one has for a woman who says that she has been raped, cannot be allowed to play any role in deciding whether the *onus* of proof in a criminal case has been satisfied."

Die totaliteit van die getuienis oortuig nie dat appellant klaagster verkrag het nie, en appellant moet die voordeel van die twyfel kry.

[12] Die volgende bevel moet dus volg:

Die appèl slaag. Die skuldigbevinding en vonnis word tersyde gestel.

**G. VAN COPPENHAGEN, R**

Ek stem saam.

**J.P. MALHERBE, RP**

| | |
|---|---|
| Namens die appellant: | Adv. H.C. Edeling<br>In opdrag van:<br>Stander, Venter & Kleynhans<br>BLOEMFONTEIN |
| Namens die respondent: | Adv. M. Strauss<br>In opdrag van:<br>Direkteur: Openbare Vervolgings<br>BLOEMFONTEIN |

/sp